ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Spanleier: Sentrale besprekings

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as spanleier: sentrale besprekings by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die spanleier is verantwoordelik vir die daaglikse leiding, ondersteuning en ontwikkeling van konsultante om te verseker dat die inbelsentrum se diensvlakke, gehalte en prestasieteikens bereik word.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- Matriek.
- ’n Tersiêre kwalifikasie sal voordelig wees.
- Ten minste drie jaar se ondervinding in ’n inbelsentrumomgewing.
- Ervaring in ’n toesighoudende of leierskapsrol sal voordelig wees.
- Goeie organisatoriese, administratiewe en beplanningsvaardighede.
- Goeie taalvaardigheid en kommunikasievermoë in Afrikaans en Engels.
- Rekenaarvaardig, met spesifieke verwysing na die Microsoft-produkreeks.
- Goeie kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede.
- Die vermoë om konsultante af te rig, te motiveer en aanspreeklik te hou.
- Die vermoë om prestasiedata te interpreteer en daarvolgens op te tree.
- Kennis van kliëntediens, oproephantering en gehaltebeheer.
- ’n Positiewe ingesteldheid en die vermoë om onder druk te werk.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Lei, ondersteun en motiveer konsultante om hul prestasieteikens te bereik.
- Identifiseer onderpresterende konsultante en bied die nodige afrigting en ondersteuning.
- Gee opleiding aan konsultante waar foute of swak oudituitslae geïdentifiseer word.
- Monitering van die kwaliteit van data wat op die INNkeeper-stelsel vasgelê word.
- Verseker dat oproepe en kliëntenavrae spoedig en korrek hanteer word.
- Monitor besprekings en identifiseer geleenthede om besprekingsgehalte te verbeter.
- Identifiseer herhalende foute en implementeer verbeterings om dit te voorkom.
- Bevorder goeie spanwerk, respek, samewerking en ’n positiewe werksomgewing.
- Hanteer spanlede op ’n regverdige en professionele wyse, met erkenning van diversiteit binne die span.
- Neem verantwoordelikheid, toon inisiatief en stel praktiese verbeterings voor om spanprestasie te bevorder.
- Kommunikeer gereeld met bestuur oor spanprestasie, uitdagings en areas wat aandag benodig.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **20 November 2026 voor 12:00.**
Gebruik asseblief **HKSBK01** as verwysing.

Indien jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.